# RPO Markverslag

## Week 14 van 2026

Week geëindig op 03 April 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 03 April 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R42.77 | 0.4% | 5.2% | 15.1% |
| A2 (R/kg) | R62.05 | 0.2% | -0.4% | -3.1% |
| B2 (R/kg) | R58.46 | 0.8% | 2.1% | 9.9% |
| C2 (R/kg) | R57.86 | 0.4% | 3.3% | 16.4% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 14 effens gestyg teenoor die vorige week en is tans 15.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die effense styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod van speenkalwers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys moontlik kan daal in Mei en Junie en weer in Julie kan begin styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Mei ongeveer R41/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R36/kg en nie hoër as R47/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 14 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week en is tans 3.1% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die sywaartse tendens kan toegeskryf word aan swakker vraag, plaaslik en internasionaal, as dieselfde tyd verlede jaar. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan ingaan in April en ‘n sywaartse tendens in Mei. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Mei ongeveer R64/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R58/kg en nie hoër as R72/kg behoort te wees nie.


*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag


## Week 14 van 2026

Week geëindig op 03 April 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 03 April 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Stoorlam (R/kg)** | **R47.65** | **0.5%** | **0.6%** | **12.0%** |
| **A2 (R/kg)** | **R98.80** | **-0.8%** | **-2.6%** | **-2.1%** |
| **B2 (R/kg)** | **R75.85** | **-4.4%** | **-1.8%** | **11.7%** |
| **C2 (R/kg)** | **R76.33** | **-2.4%** | **-3.6%** | **18.9%** |





# Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 14 met 0.5% gestyg teenoor die vorige week en is tans 12% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod op lammers verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Mei ongeveer R52/kg te wees, terwyl dit nie laer as R47/kg en nie hoër as R56/kg behoort te wees nie.

# A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 14 met 0.8% gedaal teenoor die vorige week en is tans 2.1% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan swakker plaaslike en internasionale vraag. Die verwagting is steeds dat die prys ‘n stygende tendens kan ingaan tot in Julie. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Mei ongeveer R104/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R96/kg en nie hoër as R111/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*